


Instruksies vir intrek van SAVMO databasis data na spreivel


- 1 Sorg vooraf dat jy ook die Excel makro lêer **SAVMO_csv2spr_3.xls** afgelaai het en weet wat die wagwoord is vir die sentrum waarvan jy data wil aflaai.
- 2 Gaan na <http://www.sasmt-savmo.org.za/maint/> met die blaaier (bv. Firefox, Chrome, Edge, Internet Explorer ens.)




- 3 Klik op '**Login**'

- 4 Kies sentrum waarvan jy data wil hê en gee die korrekte wagwoord. Klik op die '**Login**' knoppie.

- 5 Gaan na kieslys item **Lede** en daaronder **Lys** en dan **Teks lêer**





As in plaas daarvan die data direk op die skerm verskyn, Kies **File** of regs-klik en kies **Save as** en bewaar die data as 'n teks datastel. Dit moet die ekstensie .txt hê.¹


6 Klik op '**OK**' om lêer te stoor.

7 Wag tot lêer klaar afgelaai is. Dit sal 'n naam hê opgebou uit die datum, tyd en sentrum kode, bv. 20101108_0905_TXT_pta.txt


8 Gaan kyk waar die afgelaaide lêer nou is en kopieer of skuif dit na die gids waar jy die SAVMO data hou.

9 Vind die Excel makro lêer SAVMO_csv2spr_3.xls en dubbelklik daarop. Dit behoort Excel oop te maak.

10 As daar 'n boodskap is wat aandui dat Excel makro's nie kan loop nie omdat dit "disabled" is, sal jy dit eers moet "enable". Dit is 'n aksie wat net eenmalig nodig sal wees. Sien die instruksies daarvoor vir Excel 2007 hierna.




11 Klik op "**Read File**".



¹ Wat jy hier sien hang af van watter blaaiër gebruik is (Firefox, Chrome, Internet Explorer, Edge ens.)

- 12 Kies die data lêer wat jy van die web afgelaai het en klik op “Open” om dit te lees.
- 13 Die lêer word in Excel ingelees en bewaar met dieselfde naam behalwe die ekstensie “xls” om aan te dui dat dit nou ’n spreivel is. Jy kan die voorgestelde naam aanvaar of ’n ander een aandui.



Aktivering van makro's in Excel


Wanneer Excel 2007 geïnstalleerd is, worden makro's by verstek afgeskakel ("disabled")

Om dit te aktiveer vir Excel 2007 gaan as volg te werk:


- 1 Klik op die toepassingsblokkie van Microsoft



- 2 Klik op "Excel Options"



- 3 Kies "Trust Centre"




- 4 Klik op Trust Centre Settings

Microsoft Office Excel Trust Center

The Trust Center contains security and privacy settings. These settings help keep your computer secure. We recommend that you do not change these settings.

Trust Center Settings...

- 5 Kies " Macro Settings"



6 Kies "Enable all macros"

7 Klik op "OK" herhaaldelik totdat jy terug is in die spreivel.